SimpleStudy®

# PROVINSIALE EKSAMEN

# NOVEMBER 2022

# GRAAD 10

# NASIENRIGLYNE

## REKENINGKUNDE (VRAESTEL 2)

**9 bladsye**

**NASIENBEGINSELS:**

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien ŉ kandidaat nie punte op ŉ ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenalisering word toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
4. Indien ŉ vooraansuiweringsyfer as ŉ finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). Let Wel: As syfers aangedui is in die nasienriglyne vir komponente van bewerkings, dra hierdie nie die metodepunt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om tussen die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as ŉ negatiewe syfer getoon word nie.
8. 'Bewerking' beteken ‘kontroleer bewerking’. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. Let wel: Kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷, of per memo wees.
9. 'Een deel korrek' beteken 'bewerking en een deel korrek', Waar metodepunte toegeken word vir een deel korrek, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word. Indien ŉ metode-punt verdien is, sal dit beskou word as ‘een deel korrek’.
10. In bewerkings, moet nie punte toeken nie vir bewerking as teller en noemer omgeruil is – hierdie is ook van toepassing op verhoudings.
11. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat foutief is nie, ten minste gedeeltelik. Dui aan met ŉ ☒.
12. Wees bedag daarop dat party kandidate geldige alternatiewe bied buite die memorandum.

Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding

## VRAAG 1: DEBITEUREVERSOENING EN INTERNE BEHEER

**1.1 ALGEMENE GROOTBOEK VAN ARAMIS HANDELAARS**

**Dt DEBITEUREKONTROLE Kt**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2022 Jun | 01 | Saldo (216 210✓– 6 700✓) | a/b | ☑ 209 510 | 2022 Jun | 30 | Bank en korting toegestaan | KOJ | ✓124 380 |
| | 30 | Verkope (310 920✓+ 5 180✓✓) | DJ | ☑316 100 | | | Debiteure-afslag (55 580✓ + 360✓) | DAJ | ☑55 940 |
| | | Bank (Terugbetaling) | KBJ | ✓600 | | | Joernaal-krediete | AJ | ✓1 600 |
| | | Joernaaldebiete (1 820✓+ 1 800✓✓+ 90✓✓) | AJ | ☑ 3 710 | | | Saldo | o/b | 348 000 |
| | | | | 529 920 | | | | | 529 920 |
| 2022 Jul | 01 | Saldo | a/b | ☑348 000 | | | | | |

**20**

**1.2 Debiteurelys op 30 Junie 2022**

| DEBITEUR | Debiet | Krediet |
|---|---|---|
| S. Tyler (80 000 ✓ – 900 ✓✓) | ☑79 100 | |
| Y. Putin (74 800 ✓ – 12 000✓) | ☑62 800 | |
| G. Krigler (72 400 ✓ – 400✓) | ☑72 000 | |
| M. Ahmod **Sien verkope in kontrole rekening** (18 900✓ + 5 180 ☑) | ☑24 080 | |
| R. Dire (66 730 ✓+ 12 000✓) | ☑78 730 | |
| P. Hlope (-1 800 ✓+ 1 800 ✓) | 0 | **Indien geen berekeninge getoon nie gee 1 punt vir 0** |
| **Sien joernaaldebiete in kontrole rekening** J. Phillip (7 200 ✓+ 90 ☑) | ☑ 7 290 | |
| T. Makoe (18 000 ✓ + 6 000 ✓✓) | ☑24 000 | |
| 3 000 (1 punt)+3 000 (1 punt) **Een deel korrek** | ☑348 000 | |

**26**

| | | |
|---|---|---|
| **1.3** | **Verduidelik die volgende terme:** | |
| | **Krediet terme**<br>Kredietterm is die tyd wat ŉ debiteur toegelaat word om sy/haar rekening af te betaal. ✓✓<br><br>**Kredietlimiet**<br>Kredietlimiet is die maksimum bedrag wat ŉ debiteur mag hê as ŉ uitstaande saldo. ✓✓OF Die maksimum bedrag wat ŉ debiteer toegelaat word om op krediet aan te koop. | **4** |

| | | |
|---|---|---|
| **1.4** | **ŉ Totale korting van R6 219 is toegestaan aan debiteure. Bereken die werklike bedrag wat van debiteure ontvang is in Junie.** | |
| | 124 380✓ – 6 219✓ = 118 161 ☑ **Een deel korrek** | **3** |

| | | |
|---|---|---|
| **1.5** | **Die persentasie terugsendings deur debiteure beloop 17%. Verskaf TWEE kontrole maatreëls wat geïmplementeer kan word om terugsendings te verminder.** | |
| | **Enige twee geldige antwoorde ✓✓ ✓✓**<br><br>• Volg bestellings op wat klante bestel het.<br>• Die kwaliteit van goedere kan ŉ probleem wees. Soek alternatiewe verskaffers.<br>• Vind uit wat ander verskaffers vra vir goedere wat normaalweg teruggestuur word deur klante./Vind goedkoper verskaffers. | **4** |

| | | |
|---|---|---|
| **1.6** | **Gee DRIE punte as advies aan die eienaar om die invorderings van debiteure te verbeter.** | |
| | **Enige drie geldige antwoorde ✓✓ ✓✓ ✓✓**<br><br>• Hef rente op agterstallige rekeninge van debiteure.<br>• Stuur rekeningstate uit/sms as herinneringe./Stuur aanmaningsbriewe.<br>• Bied kortings vir tydige betalings. | **6** |

| TOTALE PUNTE |
|---|
| **63** |

## VRAAG 2: BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE EN ETIEK

### 2.1 KONSEPTE

| | | |
|---|---|---|
| **2.1.1** | Waar | ✓ |
| **2.1.2** | Vals | ✓ |
| **2.1.3** | Waar | ✓ |
| **2.1.4** | Vals | ✓ |
| **2.1.5** | Waar | ✓ |
| **2.1.6** | Waar | ✓ |

**6**

### 2.2 BEREKENINGE

| | | |
|---|---|---|
| **A** | R2 100 | ✓✓ |
| **B** | R315 | ✓✓ |
| **C** | R126 | ✓✓ |
| **D** | R966 | ✓✓ |
| **E** | R42 000 | ✓✓ |
| **F** | R48 300 | ✓✓ |
| **G** | R747,50 | ✓✓ |

**14**

### 2.3 ETIEK

| | |
|---|---|
| **2.3.1** | **Verduidelik die verskil tussen *belastingontduiking* en *belastingvermyding*.** |
| | • Belastingontduiking is die gebruik van onwettige metodes om minder/geen belasting te betaal. ✓✓<br>• Belastingvermyding is die gebruik van wettige metodes om minder belasting te betaal. ✓✓ |

**4**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.3.2 | (a) | **Bokang het oneties opgetree. Verduidelik die aksies wat SAID neem teen die BTW handelaars wat oneties optree. Verskaf TWEE punte.** | |
| | | **Enige twee geldige punte.** ✓✓ ✓✓ **Ken een punt toe vir gedeeltelik korrekte antwoord.**<br>• SAID hef boetes op besighede vir nie-nakoming of belasting ontduiking.<br>• Tronkstraf vir bedrog van SARS.<br>• Die Kommissaris kan die besigheid se registrasie kanselleer indien behoorlike rekeningkundige rekords nie gehou word nie. | **4** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | (b) | **Verskaf EEN rede waarom BTW op hierdie transaksie aan SAID betaal moet word.** | |
| | | **Enige een geldige punt.** ✓✓ **Ken een punt toe vir gedeeltelik korrekte antwoorde.**<br>• Goedere geskenk aan individue en besighede is onderhewig aan uitset BTW.<br>• Uitset BTW word nie gehef op goedere wat geskenk word aan geregistreerde liefdadigheidsorganisasies nie. | **2** |

| TOTALE PUNTE |
|---|
| **30** |

## VRAAG 3: VASTE BATES EN INTERNE KONTROLE

| No. | BEREKENINGE | ANTWOORD | |
|---|---|---|---|
| 3.1.1 | **Opgelope waardevermindering**<br>230 000 – 152 000 | R78 000 ✓✓ | 2 |
| 3.1.2 | **Kosprys van nuwe voertuig**<br>380 000 – 230 000 | R150 000✓✓ | 2 |
| 3.1.3 | **Waardevermindering – voertuie**<br>230 000 x $\frac{10}{100}$ = 23 000 ✓☑ Een deel korrek<br>150 000 x $\frac{10}{100} \times \frac{6}{12}$ = 7 500 ✓☑ Een deel korrek Sien 3.1.2 | R30 500 ☑<br>Een deel korrek | 5 |
| 3.1.4 | **Kosprys van toerusting aan die begin van die jaar**<br>290 000 + 130 000 | R420 000 ✓✓ | 2 |
| 3.1.5 | **Waardevermindering – toerusting**<br>290 000 x $\frac{15}{100}$ | R43 500 ✓✓ | 2 |
| 3.1.6 | **Drawaarde aan die einde van die jaar – toerusting**<br>290 000 – 43 500 (Sien 3.1.5) | 246 500 ✓☑<br>Een deel korrek | 2 |

| No. | BEREKENINGE | ANTWOORD | |
|---|---|---|---|
| 3.1.7 | **Kosprys van toerusting – einde van die jaar**<br>Sien 3.1.6<br>246 500 + 173 500<br>**OF**<br>Vanaf 3.1.4<br>420 000 | 420 000 ✓☑<br>Een deel korrek | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.2.1 | **Verduidelik hoe die besigheid geaffekteer word deur die privaatgebruik van voertuie. Verskaf TWEE punte.** | |
| | **Enige twee geldige punte. ✓✓ ✓✓ Ken een punt toe vir gedeeltelik korrekte antwoord.**<br>• Die besigheid sal meer geld spandeer aan herstel van die voertuie.<br>• Die besigheid sal meer geld spandeer aan brandstof.<br>• Die waarde van voertuie sal vinniger depresieer as verwag.<br>• Die instandhoudingsplan of diensplan sal vinniger verval.<br>• Die uitgawes van die besigheid sal toeneem en dit sal die wins laat daal. | 4 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.2.2 | **Verskaf interne kontrole maatreëls wat deur die eienaar geïmplementeer moet word om die wanbestuur van roerende, tasbare bates te voorkom. Verskaf TWEE punte.** | |
| | **Aanvaar enige twee geldige punte. ✓✓ ✓✓ Ken een punt toe vir gedeeltelik korrekte antwoord.**<br>• In en uit teken van voertuie deur persone wat dit neem vir gebruik om boek te hou van waar voertuie is en deur wie dit gebruik was.<br>• Die beweging van bates moet in 'n logboek bygehou word./Teken kilometers gereis aan en gaan die voertuie na.<br>• Installeer 'n sporingstoestel/sisteem in die voertuig om beweging te monitor. | 4 |

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 25 |

## VRAAG 4: KOSTEREKENINGKUNDE

### 4.1 KONSEPTE

| | |
|---|---|
| **4.1.1** | Primêre ✓ |
| **4.1.2** | Indirekte ✓ |
| **4.1.3** | Fabrieksbokoste ✓ |
| **4.1.4** | Indirekte ✓ |
| **4.1.5** | Fabrieksbokoste ✓ |

**5**

### 4.2

| **Verduidelik die verskil tussen *vaste koste* en *veranderlike koste*.** |
|---|
| **Veranderlike koste** verander in direkte verhouding tot die hoeveelheid goedere geproduseer, bv. grondstowwe. ✓✓<br><br>**Vaste koste** bly konstant ongeag die hoeveelheid goedere geproduseer, bv. huur. ✓✓ |

**4**

### 4.3 Voltooi die volgende:

| No. | BEREKENINGE | ANTWOORD |
|---|---|---|
| **4.3.1** | **Direkte materiaalkoste per vlieër vir Oktober 2022.**<br>25 ✓+ 5 ✓+ 5 ✓ | R35 ☑<br>Een deel korrek |

**4**

| | | |
|---|---|---|
| **4.3.2** | **Totale fabrieksbokoste vir Oktober 2022.**<br>5 000 ✓ + 8 000 ✓ + 2 500 ✓ + 500 ✓ | R16 000☑<br>Een deel korrek |

**5**

| No. | BEREKENINGE | ANTWOORD | |
|---|---|---|---|
| 4.3.3 | **Totale produksiekoste vir Oktober 2022 indien 2 500 vlieërs geproduseer is.**<br>85 twee punte; Een deel korrek<br>(35 ☑ Sien 4.3.1 + 50 ✓) x 2 500 ✓ = 212 500 ☑<br>Sien 4.3.2 +16 000 ☑ | 228 500<br>✓☑<br>Een deel korrek | 7 |
| 4.3.4 | **Produksie koste per eenheid.**<br>228 500 ☑ Sien 4.3.3/2 500 ✓ | 91,40 ☑<br>Een deel korrek | 3 |
| 4.3.5 | **Die persentasie wins wat Dan Malgas per vlieër gedurende Oktober 2022 verdien het, indien die vlieërs teen R155 elk verkoop word.**<br>$\frac{155 \checkmark - 91{,}40 ☑}{91{,}40 ☑} \times \frac{100}{1}$ | 69,6% OR<br>70% ☑<br>Een deel korrek | 4 |

| TOTALE PUNTE |
|---|
| **32** |

**TOTAAL: 150**